Jehovah-Jireh #3

Grass Valley, California, USA
62-0707

1 Dankie, Broer Borders.

Julle mag maar sit. Net bietjie gepraat met Broer Harrel, die voorsitter van die diens, en vind uit hy's 'n sendeling, en ons het soort van dinge in gemeen. Hy gaan nou terug na die Goud-kus, Afrika. En ek is van plan om daar te wees hierdie jaar. Ons het probeer om iets bymekaar te kry omtrent die besoek van die Goud-kus ná ons terugkom van Suid-Afrika.

Dis waar ons gehad het, wat ek dink, een van die grootste dienste, in my dag, was in Suid-Afrika, toe ons dertigduisend kombers-inboorlinge gesien het wat Christus ontvang het op een slag. Amen. Hulle het hulle gevra om hulle afgode te breek op die grond, dat hulle dit werklik bedoel het. En hulle het hulle afgode gebreek, soos 'n stofstorm wat opgekom het, en Christus as hulle Saligmaker aangeneem, by een diens. Hulle het 'n goeie opvolg daar gehad, so hulle—hulle het hulle gevang.

2 Maar die grootste altaaroproep ek kan onthou, van wat die Here ons gegee het, was in … was oorkant in Indië, waar ons omtrent vyfhonderdduisend in een diens gehad het. En daar het ons—ons kon net nie skat nie; net so ver as wat jy kon sien, dit was net oral. En almal van hulle het Christus as Verlosser aanvaar, maar nie een ding om mee op te volg nie. So daarom, natuurlik, die—die Sjiïete het hulle s'n geneem, die Djaina het hulle s'n geneem, ensovoorts. Ek skat die meeste van hulle het teruggegaan, nadat hulle die Here iets sien doen en voortbring het daar.

My bediening wat die Here my gegee het, in Amerika is nie te effektief nie, net die Pinkstermense. Meeste van die Amerikaanse kerke is hoogs intelektueel kerke, en hulle glo 'n geloofsbelydenis . En dis net waar hulle bly, jy kan hulle nie daarvan af beweeg nie.

Maar wanneer jy 'n boorling neem en probeer om hom iets te vertel omtrent 'n geloofsbelydenis, hy weet nie eens watter is regter- en linkerhand nie. Wat help dit om hom 'n traktaatjie te gee? Hy moet iets sien. En as hy dit sien, dan is hy oortuig. En sien sy toordokter staan op en daag dit uit, en sien die Heilige Gees onderdruk dit net daar. Ja. Dan wys dit—dit dat, wie is God, en dan is dit afgehandel.

En so baie gelukkig om Broer Harrel te ontmoet! Ek was … Ons het gepraat oor die inboorlinge van Afrika. Hy het gepraat oor om een van Broer T. L. Osborn se dienste te borg.

3 Baie van julle ken Broer Osborn, skat ek. O, daar is 'n kosbare dienskneg van Christus, Broer Osborn. Hy's een van my boesem vriende. Ek het beslis 'n diep eerbied in my hart vir Broer Osborn, so 'n groot sendeling. Na die … Ek glo hy het meer gedoen op die sendingvelde as enigiemand vandag op aarde, waarvan ek weet, is—is Broer Osborn. Baie aangename, goeie seun, en ek is sekerlik lief vir Broer en Suster Osborn.

4 Hulle sê my dat Mamma Arganbright is in die diens vanaand. Kruip jy weg vir my, Mamma Arganbright? Ek waardeer beslis jou goeie vrugte. En geen wonder sy's so 'n gawe dametjie, sy kom van hierdie deel van die land hier. Sy praat altyd van Grass Valley. Hoeveel ken Mnr. en Mev. Arganbright, naby Grass Valley? Wel, dis goed. Waar is jy, Mamma Arganbright? Ek het jou nie gesien in so 'n lang tyd nie, jy het gegly … Daar is sy. Ja. Seën haar hart. Haar huis is my tweede tuiste, wonderlike vrou net hier van Grass Valley. En sy het nog altyd 'n las gedra vir hierdie mense. En Moeder Arganbright, as dit jou eerste aand hier is, ek was buite in die woud om te bid vandag, toe jy my vrou en hulle besoek het.. En ek is jammer ek was nie in om jou te sien, en jou vriend te ontmoet nie.

5 Maar ek sal sê dat ek iets gesien gebeur het onder julle mense hier wat ek nie gesien het in enige Amerikaanse stad enige plek nie. Ek het gesien Christene erken dat hulle verkeerd is, volgens die Woord van God, en staan en vra vir genade. Ja. Dit klink vir my soos 'n herlewing wat hierbinne kan ontstaan. Dit sou wonderlik wees. Soveel as wat ek gepreek het rondom die wêreld, en veral in Amerika, ek het nog nooit tevore gesien, groepe van Christene, wanneer die Woord afgebring is, om die Woord te toon, het hulle opgestaan en gesê (getuig) hulle was verkeerd. Nie net dit nie, maar predikers

met hulle. Nou, dis opregtheid. Ek hou daarvan.

6 Suster Arganbright, aangesien hulle jou gemaak het dat jy moet opstaan, gaan ek my vrou verleë maak. Sy's die mees saggeaarde persoon in die wêreld. Maar sy sit hier vanaand. Skat, ek glo dat jy sal my terugkry vir hierdie, maar ek gaan my vrou vra om op te staan. Die liefste vrou in die hele wêreld, vir my. [Gemeente gee applous — Red.]

My dogter, my dogter, my oudste dogter, Rebekah. Nou, skat, ek weet die son het jou gebrand, maar ek wil hê jy moet opstaan, in elk geval. Goed, Rebekah. Dis my dogter, Rebekah. [Gemeente gee applous — Red.] Dankie. Dankie.

Broer Jewel Rose, hoeveel ken hom? Een aand het hy my vrou na die platform waar ek was laat kom, nadat dit alreeds begin het. Sy het amper flou geword. Sy probeer hom net vermy oral waar sy hom kan sien. Sy bly uit sy pad uit, omdat sy bang is, hy gaan haar weer na die platform toe roep.

Ek het vir haar gesê: "Een aand gaan ek dat jy opstaan en 'n rukkie vir ons praat ."

Sy het gesê: "Kry 'n emmer water gereed, want ek gaan flou word."

Sy's 'n baie dierbare persoon, my vrou. As daar enige krediet moet gegee word aan die Branham familie, laat dit na haar toe gaan. Sy's die een wat tussen my en die publiek gestaan het. En al die dinge wat reg gedoen is, het sy gedoen.

7 Ek hoop dat elke jong man hier, wanneer hy trou, sal hy 'n vrou kry, en julle sal so gelukkig saam lewe soos vrou en ek het hierdie twee-en-twintig jaar wat ons getroud is.

"Hy wat 'n vrou gevind het, het 'n goeie ding gevind." Soos Salomo gesê het: "'n goeie vrou is 'n juweel in 'n man se kroon. 'n Ondeugsame een is water in sy bloed." En sy bloedstroom is sy lewe. So, 'n ondeugsame een is die ergste ding wat hy kan kry. En 'n deugsame een is die beste ding wat hy kan kry, buiten saligheid. As God 'n man iets beter kon gee as 'n vrou, sou Hy dit vir hom gegee het, want God gee net Sy kinders die goeie dinge. En Hy het vir hom 'n vrou gegee, en ek is dankbaar daarvoor.

En om die vroue te sien, toe ek soort van streng was die ander aand, met die Skrif op die manier hoe hierdie Pinkstervroue aantrek, hulle hare dra, en aangaan. Julle sê: "Dit maak geen verskil nie." Dit maak beslis!

8 Ek wil julle iets vra. Broer Harrel is hier, 'n sendeling.

In Durban, Suid-Afrika, was vroue wat daar gesit het so nakend soos hulle in die wêreld gekom het; het nooit 'n enkele draad klere gehad nie, net 'n klein, omtrent vier-, ses-duim kleed aan hulle voorkant. En daar gestaan net so nakend soos hulle was, en op die grond gestaan het na hierdie groot wonderbaarlike wonderwerk plaasgevind het op die platvorm . En daar was in daardie groep, was amper tienduisend Mohammedane (op een slag) wat Christus aangeneem het in daardie selfde byeenkoms. En dan daarbinne toe … Hierdie vroue, staan op met hierdie manne, het Christus aanvaar.

En Broer Bosworth het gesê: "Broer Branham, ek dink jy behoort daardie uitnodiging weer te maak. Ek glo hulle het bedoel 'fisiese' genesing."

9 Ek het gesê, natuurlik, vyftien verskillende tolke. Julle weet, dit neem … Jy moet neerskryf wat jy gesê het, die tyd dat hulle … Jy sê: "Jesus Christus, die Seun van God het gekom om sondaars te red." En hierdie een sal sê "blu, blu, blu, blu," en hierdie een sê "nic, nic, nic, nic," dis "Jesus Christus, die Seun van God."

Julle weet, ek—ek het altyd mense hoor praat in tale, en ek het gedink: "Goeiste, dit kan nie reg wees nie." Maar die Bybel het gesê: "Daar's nie 'n klank sonder 'n betekenis nie." Daar is nie. Toe ek dit gehoor het, party van hulle kloek soos voëls, sommige skree soos goggas, en alles. Maar dit beteken 'n betekenis vir hulle, as elke geluid 'n betekenis was.

10 En toe dit weer deurgegaan het, en ek het gesê: "Wel, dan laat diegene nou wat regtig weet dat dit nie 'fisiese' genesing is nie, dis om Christus as Verlosser te aanvaar, 'n Hemel om na toe te gaan, jy glo in die Seun van God, aanvaar Hom as jou persoonlike Verlosser, breek jou afgode op die grond!" En hulle het hulle neergegooi. En ek het gesê: "Net daar nou, steek julle hande op na daardie God, en gee Hom lof. Hy sal julle die Heilige Gees gee!"

En terwyl hulle staan op daardie grond, het ek vroue gesien wat poedelnakend was; en so gou as wat Christus hulle getref het, het hulle weggeloop van daardie grond af

met hulle hande gevou. En toe jy hulle weer gesien het, het hulle klere aangehad.

Nou, as Christus 'n heiden (nakend) sal maak besef dat sy's verkeerd, synde nakend, en dan vroue wat voorgee om Christene te wees en elke jaar minder klere dra, ek kan dit nie verstaan nie. Daar's iets verkeerd iewers.

'n Rou heiden, net daar gestaan, gebore in hierdie wêreld en nooit geweet sy was nakend nie, sy weet nie sy's nakend nie. Maar laat Christus in haar teenwoordigheid kom, sy besef sy is nakend, insoverre sy haarself probeer bedek soveel as wat sy kan, om haar arms te vou en weg te stap. Twee of drie dae later, vind jy haar weer, sy's aangetrek.

Nou daar is iewers iets verkeerd, en ek is seker dit is nie met Christus nie. O, ek dink die Woord is perfek!

11 Ek is net lief vir Abraham se reis. Is julle nie? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Ek bly daarby 'n lang tyd, ek hoop ek kom by Jehovah-Jireh vanaand. Ek het die teks, drie of vier aande gelede geneem, en nooit daarby gekom nie.

Maar een jaar by die huis het ek 'n onderwerp geneem, gepreek oor Job. Wel, omtrent amper 'n jaar was ek in die Boek van Job, elke Sondag en Woensdag, oor Job. En uiteindelik het ek hom totdat hy op die ashoop gesit het. Ek het hom daar omtrent drie of vier weke gehad. En een—een kosbare suster met genoeg moed om aan my te skryf, sy het gesê: "Broer Branham, wanneer gaan jy ooit Job van die ashoop af kry?"

Wel, ek skat julle wonder wanneer gaan ek ooit Abraham kry om Jehovah-Jireh te sien.

12 Maar ek het 'n punt gehad. Abraham … Of, Job wat daar op die ashoop sit, Elihu wat praat: God wat 'n heilige toets. Dit alles in gebring het, totdat ek op 'n punt gekom het waar ek die doodskoot kon maak, het alles gereed gekry. Toe het die Here afgekom in hierdie warrelwind, en weerlig het begin flits, en die donder dreun. En die Gees van God kom op die profeet, hy het op sy voete gebly, het gesê: "Ek weet my Verlosser lewe;" let op "Verlosser." "En in die laaste dae sal Hy op die aarde staan. En al vernietig die velwurms hierdie liggaam, tog sal ek in my vlees God aanskou; vir Wie ek self sal sien, my oë sal aanskou, en geen ander nie." O, watter les daar! Om daardie in te dryf, dit het 'n tydjie geneem om die mense rustig te kry, die Gees net reg, dan dryf dit in. En toe was die altaar belyn, en gevul met mense, belydend.

13 Net as jy gelei word deur die Gees, neem net jou tyd totdat jy op die teiken gekom het. As jy dit nie doen nie, sal jy te hoog skiet of te wyd skiet, of iets. Laat ons dit zero maak, die Bybel! Ek glo dat God wil hê ons moet in zero. Die Heilige Gees het in gezero met die apostels, of hulle het in gezero met die Heilige Gees, liewer. En ek glo ons kan dieselfde ding doen, deur dieselfde Woord. Dis tref die teiken! En as dit dit eenmaal getref het, doodsekuur, kan dit dit weer tref! Maar jy moet in zero! Wees seker jou asemhaling, jou trek, alles is net reg. Ek skiet skyf; ek weet wat dit is, lê in 'n vuurhoutjie, en 'n geweer wat sal zero.

14 Eenkeer het ek 'n klein model vyf-en-sewentig terug na die Winchester Maatskappy gestuur, op 'n dag. En ek kon dit nie maak tref bokant omtrent 'n drie … of 'n kwart duim, op vyftig jaarts. En die Winchester Maatskappy het dit na my terug gestuur, gesê: "Eerwaarde Branham, daardie geweer is net gemaak om—om 'n vyf-skoot groep te groepeer, 'n duim op vyf-en-twintig jaarts." Nou dit was die maatskappy wat dit gemaak het. Ek weet anders. Ek het net gedryf, op die lyn, presisie, nege reguit, mat drukspykers, op vyftig jaarts, daarmee. So ek het geweet dit was ingestel. So ek het net aanhou speel met dit, en speel met dit, totdat ek dit gekry het om weer terug te dryf.

Nou, dieselfde ding is met die Woord van God. Daardie dinge wat die apostels gedoen het, daardie dinge wat Christus belowe het, ons moet ingestel word met die Woord, met die Gees. As dit dit eenkeer gedoe het, sal dit dit weer doen, want Dis God. En God is die Woord, en Hy kan nie faal nie.

15 As 'n bietjie gekrap, 'n geweer 'n bietjie te los is *hierdie*manier in die voorarm, 'n bietjie los of te styf, enigiets wat dit bind, kan jy die gewig van jou vinger op 'n geweer lê, en (dit skiet perfek) die gewig van jou vinger sal dit uitgooi. Jy moet alles perfek hê.

Dis die manier wat jy moet doen in Christendom, om die Woord te maak, maak dit manifesteer en reg optree, jouself met die Woord en met God, dit moet volmaak wees,

en dan sal dit in-zero. Moet wees! So daarom, in prediking, jy moet die Gees net reg voel, dan zero, dan sal dit afgaan, dit sal na die teiken dryf.

16 Dan die mense wat rondsit, baiekeer sê mense, "Broer Branham, ek hoor nie van jou dienste nie."

Ek het nie uitlate soos die ander broers nie. Hulle het tydskrifte, hulle het—hulle het radio, televisie. Ek gaan net deur en probeer die Here Jesus verteenwoordig . Die mense sien dit, glo dit, hulle word gesond. God weet dit, dis al wat nodig is. Sien? Ons wil nie, ons is nie … Daar gaan geen geskiedenis geskrywe word nie. Moenie bekommerd wees daaroor nie. Daar gaan nie tyd wees vir geskiedenis skryf nie. Ek glo Jesus kom. Dit, ek glo dit. En ek wil vandag lewe asof Hy vandag kom of môre. Nie yslike groot skole, ensovoorts nie. Hoekom doen ons daardie dinge, en dan verkondig Jesus kom? Wel, ons eie werke getuig teen ons. Dis reg. Jesus kom, laat ons, maak die kerk gereed daarvoor! Laat ons gereed maak. O, hoe lief het ek Hom!

17 Laat ons nou ons hoofde buig vir 'n woord van gebed. O, hoe hou ek daaarvan om mense te sien wanneer hulle eerbiediglik hulle hoofde buig. Nou laat ons net 'n rukkie stil sit, en bestudeer. Nou ons wil ons tyd neem. Môre is Sondag, die sabbat, Christen sabbatdag. En ek wil jou nie laat by Sondagskool hê nie, hoewel ons nie met hierdie dinge haastig wil wees nie.

Dink nou: "Here, is my begeerte in my hart vanaand volgens U wil?" As dit is, dan dink jy daaroor. Dan as jy dink daaraan, jou begeerte, en dit nagaan met God se program. As dit blyk te wees net reg met God se program, dan wil ek hê julle moet julle hand opsteek na God, en sê: "God, onthou my, dit is wat ek nodig het." Dink net regtig hard. God seën jou. Goed. Die Here seën julle. Dis goed. Hou net aan om jou hand op te lig. Hy sien alles. Hy weet alle dinge. Dis goed. God seën jou. Amen. Here seën. Dis goed. Hou net aan om te dink, om jou hand op te lig Nou ek hou elke hand dop soos dit opgaan . Goed. Dis goed.

18 Hemelse Vader, ons nader nou, kom weer in daardie algenoegsame Naam van die Here Jesus, op na die Troon van Genade. Soos die digter gesê het: "Laat my by die Genadetroon, vind 'n soete ontvlugting." En, God, hulle harte is belas vir iets. En laat hulle nou, by die Genadetroon, vind die verligting wat God hulle vrygestel het, die groot Geneesheer, en die geloof vir wat hulle nodig het.

Het albei my hande op. Ek het behoeftes. Onthou my, Here.

Onthou al hierdie mense hier wat hierdie sakdoeke verteenwoordig. O, hoe die getuienisse ingekom het as gevolg van hierdie dinge. Eerbied. Vêr buite oor hierdie sand heuwels hier, iewers, siek moeders, vaders, klein babatjies, mense in die hospitaal, ou blinde pappa sit agter in 'n klein kamertjie met 'n wit kierietjie in sy hand, in afwagting vir die terugkeer van hierdie sakdoeke. God, wees genadig. Skenk, Here, dat wie ook al hulle op gelê word, mag die vyand sy krag en sterkte verloor, mag hulle gaan en word genees. Hier is een geskryf oor hier: "kanker." Laat daardie duiwel hulle loslaat, Here. Mag die Heilige Gees, soos God afkyk deur die Bloed van Sy Eie Seun wat gesterf het vir hierdie doel, mag die groot versoening voldoende wees vanaand, en geloof oorvloediglik vloeiend op hulle, en mag … of, oorvloediglik, dat hulle hulle genesing mag ontvang. Skenk dit, Here.

19 Seën U Woord nou. Help U dienaar, salf ons vir die diens. Salf elke hart wat dit hoor. En ons gaan net nou praat, Vader. U sê vir ons wat om te sê, en sê vir ons wat om te doen. Ons verwag dat U met ons sal wees in die diens.

Dank U vir die goeie liedere vanaand, daardie pragtige liedere. Hierdie jongman hier agter, Broer Heimer, het net daardie wonderlike lied gesing, *Die Galileër*. Mag daardie Galilése Vreemdeling in wandel nou vanaand. Mag ons Sy stem hoor sê aan die troebel verstand, soos Hy gedoen het met die ontstuimige water: "Vrede, wees stil." En mag elke troebel hart genees word. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

En Abraham het dié plek genoem: Die HERE sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die HERE sal dit voorsien word.

20 Nou ons wil begin met hierdie groot karakter. En môre … Nou, as die Here wil, ons gaan probeer uitkom by die einde van Abraham vanaand. En môre, miskien 'n teks oor Goddelike genesing.

Die Here was goed vir ons hier. Ons het getuienisse gehoor van wat die dinge wat gebeur het. En so bly! En ons het een aand, 'n volledige gebedsry gehad, of hulle geroep. En daar was nie 'n swak een wat ons gesien het in die gebou nie, rystoel, enige plek, maar wat op was, loop rond, aan die gang.

En nou elke aand het die Heilige Gees ingekom in Sy manjifieke, deurlugtige Teenwoordigheid, en het uitgegaan deur die gehoor, Homself verklaar, dat Hy hier is. Dan, behoort ons Hom te glo. Sien, Hy wil hê jy moet Hom glo. Die hoogste eer wat jy aan God kan betaal is om Hom te glo. Jy moet glo. "Hy wat na God kom moet glo dat Hy is." En nou glo Hom!

21 En soos ek Abraham neem, die reis, is net omdat ek probeer om geloof te bou vir 'n groot klimaks, om die mense te laat sien wie hulle is.

Dis die probleem. Ek vind twee klasse mense, soos ek reis. Een van hulle is pinkster, die ander is fundamentalist. Nou, die fondamentaliste weet posisioneel waar hulle is, wat hulle is, maar hulle het nie enige geloof daarmee nie. Die pinkster het geloof, maar weet nie wie hulle is nie. Nou, dis net soos 'n man wat geld in die bank het, maar hy weet nie hoe om 'n tjek uit te skryf nie; en die ander een kan 'n tjek uitskryf, en het nie enige geld in die bank nie. As jy hulle net ooit kon saam kry, sou iets gebeur. As jy ooit pinkster geloof en fondamentele doktrine, as jy ooit kon … óf fondamentele doktrine kry en pinkster geloof, gaan iets plaasvind. Dis reg.

22 Nou, hoe graag sou ek hier 'n getuienis wou gee, toe ek gesien het, 'n Lutherse skool, vierhonderd die Doping van die Heilige Gees ontvang het, terwyl met hulle gepraat is daaroor. O, goeiste, dit was 'n glorieryke gesig, om hulle dit te laat weet. Hulle is nie, natuurlik hulle is Lutherane, hulle is nie uitgesluit nie.

Daar's niks teen die Lutheraan, Baptis, Metodis, wat jy ook al is, Katoliek. Ek's nie teen daardie dinge nie. Ek's nie teen daardie mense nie. Dis die stelsel wat hulle hou, is waarteen ek praat. Niks teen die indiwidu nie, hulle is almal menslike wesens vir wie Christus gesterf het; Katoliek, Jood, wat hy ook al mag wees. Dis die stelsel. Soos die Mohammedaanse, Shiites, Jain, of wat dit ook al mag wees, dis die stelsel. Boeddha is 'n stelsel, sien. Nie die mense wat—wat Boeddha aanbid nie; dis die stelsel wat hulle weg trek.

Dis dieselfde ding. Jesus was nie teen die mense nie. Hy het gesterf vir hulle. Maar daardie stelsels wat Hom weg gehou het, hou hulle van Hom af weg. Dis die ding nou.

23 Nou het ek gedink, neem Abraham, in die wete dat die belofte aan Abraham gegee was, en Abraham se Saad na hom. Nou laat ons 'n bietjie terug reis en 'n agtergrond kry, en vanaand reguit na die teks kom nou vir 'n rukkie.

En gebedskaarte sal gegee word aan enigiemand wat voor gebid wil word. En ons, as jy nie by hulle almal kom vanaand nie, sal ons môre by hulle uitkom. En enigeen wat voor gebid wil word moet 'n gebedskaart hê. En wees hier teen een-dertig môre, om jou gebedskaart op te tel, want ons wil die diens dan begin. En ons sal bid vir elke persoon wat môre 'n gebedskaart hou. Ons het probeer, elke aand, om diegene te kry wat nie gebedskaarte het nie, sodat diegene wat gebedskaarte het, die voorreg sal hê om in die gebedsry te wees. En die ander word uitgeroep daar, sonder gebedskaarte. Dit kry albei, albei kante. Die gebedskaart beteken niks. Maar jy gee 'n persoon 'n gebedskaart, daar's omtrent veertig-persent reg dan genees, dis jy dink, hy kom deur die ry; iets wat hy kan hou, iets wat hy na kan kyk, of iets. En die—die seun sal die gebedskaarte môre uitgee teen een-dertig, sodat hulle teen twee-uur weg kan wees, so hulle kry die res van die—die oefeninge van die dag.

24 En julle wat die film, die boek, of band wil hê, moet vanaand gekry word. Geen verkope op Sondag nie; ons laat dit nooit toe nie, om dit te verkoop nie. Ons respekteer Sondag, moet glad nie verkoop op Sondag nie. En hierdie boeke en dinge, hulle is niks vir my nie, dit is boeke wat mense geskryf het oor my bediening. Fotos wat die Amerikaanse Fotografiese Assosiasie het die foto geneem, en dit behoort aan die Douglas Ateljee, met kopiereg op. Die boek behoort aan Broer Gordon Lindsay en Kapelaan Julius Stadsklev. Ons koop hulle en bring hulle na die diens, en verkoop hulle amper vir wat ons hulle kry, en verloor op hulle . En ons het dit altyd gesê, as enige … ek het vir die mense wat boeke verkoop gesê: "As 'n man of 'n vrou daar kom, arme persoon, het nie die geld om daardie boek te koop nie, gee dit vir hulle, in elk geval. En ons sal … ek sal sien dat dit afgehandel word." En as jy die boek het en dit is nie werd

wat dit veronderstel is om te wees nie, bring dit terug. Daar sal nooit een terugkeer van enigiets behalwe om jou geld terug te gee nie, sien. Dis net iets om te help met jou geloof. Dis al hoekom ons probeer om dit te doen, anders sal ons nie toelaat om dit hier te hê nie. Dis presies reg. So nou vanaand, onthou, hulle sal by die bookstand wees. 'n Goeie vriend van my, Mnr. en Mev. Wood. Wens ek het tyd gehad om julle hulle getuienis te vertel, van hoe hulle seun genees was van polio. En baie ander dinge het— het plaasgevind, van mense wat hier in die byeenkoms is.

25 Nou laat ons na Abraham se agtergrond kyk. Eerstens, God het Abraham ontmoet, onvoorwaardelik, verbond het Hy met Abraham gemaak het. Nie enige iets nie, Abraham het niks nodig gehad om te doen nie, behalwe om God te glo. Die verbond was suiwer deur genade, en onvoorwaardelik. Nie: "as jy wil" nie. God het gesê: "Ek het!" En nou elke man …

Onthou, al Abraham se Saad wat ooit na God toe kom, kom op dieselfde manier. Niks wat jy kon doen nie! Jy kon jou self nie red nie, niks meer as wat jy jou stewels se veters kon neem en oor die maan spring nie. Jy kan nie jou self red nie. Geen mens het ooit na God gesoek nie; dis God wat die mens soek. "Julle het My nooit gekies nie," het Jesus gesê: "Ek het julle gekies."

26 Die eerste, nou, kan jy hier uitgaan en vir die vark sê hy is verkeerd om gemors te eet? Hy sal vir jou sê om jou by jou eie besigheid te bepaal. Maar dit sou iets moes neem wat sy natuur kon verander, om hom te laat besef dat hy verkeerd is. Iets moet eers gebeur met die vark.

Dis die rede dat sogenaamde Christene in die modder rol, baiekeer, terug in sonde, is omdat … Jy kan 'n vark was, en hulle vingernaels verf, lipstiffie opsit. Dit, dis verkeerd, wat dit ook al is. Lip kleursel, is dit nie, of iets? Ek kry daardie, al daardie goed, deurmekaar. Julle weet wat dit is, egter. Jy plaas die ou sog op een of ander lipkleursel en—en, jy weet, doen al die ander dinge daaraan, en sy sal reguit na die rolplek gaan, en weer rol. Waarom? Sy's 'n vark, om mee te begin. Die enigste manier wat jy haar ooit enigsins anders sal maak, is verander haar natuur.

Dis die enigste manier wat 'n man of vrou ooit kan oplyn met God, is verander die natuur, maak skoon, sterf vir die ou mens se sonde, en word weer gebore deur die Gees van God. En, dit is, Christus is die Gees van God, en Christus is die Woord. Dan getuig dit met die Woord. Dis die enigste manier wat hulle dit ooit sal doen.

27 Nou, Abraham het gesoek na 'n Stad Wie se Boumeester en Oprigter God was. En vandag is ons pelgrims, vreemdelinge, op soek na 'n Stad Wie se Boumeester en Oprigter God is. Kyk! Abraham, voor hy ooit geweet het, was daar iets soos 'n instink in hom, dat hy gekyk het na die Stad.

Vandag, stap saam af met die vrou, het ek gesê: "'n lieflike klein plekkie hier op die heuwel, miskien driehonderd jaar gelede; pragtige hout, groot, hoë bome. Die mens het ingekom, hulle het dit afgekap, en die strome besoedel. Dit sou 'n pragtige plek wees om hier te woon ." Ja, maar jy kyk, hy het huise gebou. Toe het hulle begin vermeerder. Sonde en geweld het begin inkom. Hollywood het naby hom inbeweeg, dit ingebring deur rolprent, deur televisie. Deur … En nou is dit besmet, sondig, elke stad!

En sekerlik, soos mense, iets in hulle hou daarvan om saam te lewe, om by die buurman te kuier, en regverdig wees. Daar is sekerlik 'n Stad êrens! Die diepte wat weer na die Diepte roep!

28 En Abraham het die stede van sy dag gesien, Ur van Chaldea. En hy het geweet omdat daar iets binne in hom was wat roep, was daar 'n Stad wat anders was, Wie se Boumeester en Oprigter God was. En God het dit in Abraham gesien, vir hom gesê: "Sonder jouself nou af en kom uit."

Nou, Abraham, een ding wat ek wil hê julle moet oplet, hy het God se Woord gehoorsaam tot die letter.

Onthou dit altyd! Dis my Boodskap. Jy moet die Woord gehoorsaam. En in die wete enigiets teenstrydig Daarmee, los dit alleen. Dit mag goed lyk, maar moenie teen God se Woord redeneer nie.

Dis die eerste ding wat Satan gedoen het, was redeneer teen God se Woord, vir Eva. En sy het nooit Daaraan getwyfel nie. Sy het net geredeneer. Satan het Dit geredeneer.

En dis die manier wat hulle vandag doen. "Is dit nie redelik dat ons *dit* moet doen nie? Is dit nie redelik nie?" As dit teen God se Woord is, los dit alleen! Dis die stem van Satan.

29 Laat die Woord, as die Woord in julle is … "As julle in My bly, en My Woord in julle, vra dan wat julle wil." Die Heilige Gees! "Julle bly in My, My Woord in julle," dis die Woord wat vlees geword het, "vra wat julle wil en dit sal gedoen word." Dis die manier. Kry alle geloofsbelydenisse, alle dinge weg, en hou vas aan die Woord, omdat dit Christus is. Let op, dan sal dit ditself manifesteer.

Iemand het gesê: "Broer Branham, hoe weet jy daardie dinge. Hoe?"

Hierdie wat julle hier sien in die byeenkoms is amateur dinge. Enigeen wat beweeg met die dienste hier, weet. Die Heilige Gees openbaar dinge wat weke en maande tussen tye kom. En vra enigiemand: "Het dit al ooit eenkeer gefaal?" Dit kan nie faal nie, sien. "Hoe weet jy dit?" Want dis 'n belofte van die Woord, en die uur is hier. Dit moet gebeur. Nou, ek weet nie, daar sal baie min wees, 'n minderheid sal dit glo, maar dit moet voortgaan net dieselfde. En het julle ooit opgelet, dit gaan regoor die mense se koppe, en dis verby en gedoen voor hulle dit herken. Altyd so.

30 Aan julle Katolieke mense, weet julle wat julle kerk gedoen het? Want Joan of Arc was 'n—'n ware heilige van God, het wonderwerke van God gedoen, het geprofeteer van God. En julle het haar 'n heks genoem, en het haar verbrand op 'n brandstapel; en sy wat uitroep om genade, en julle het haar op 'n brandstapel verbrand. Honderde jare later, het julle besef dat julle verkeerd was, en toe het julle 'n heilige van haar gemaak. Sy het reg bo-oor julle gegaan, en julle het haar nie geken nie.

Elía het deurgekom, hulle het hom nie geken nie. "'n Ou kwak!"

Christus het deurgekom, hulle het Hom nie geken na Sy dood, begrafnis en opstanding nie. God bepaal dit. En dis absoluut trek die wol oor die oë van die ongelowige. En gewys het … Hy het gesê: "Ek het dit verberg van die oë van die wyse en verstandige, en dit openbaar aan kindertjies wat wil leer." Christus het God gedank daarvoor. Sien?

Verneder jouself. Glo dit. Toets die Woord.

Jesus het gesê: "Ondersoek die Skrifte, want in hulle dink julle het julle Ewige Lewe, en hulle is hulle wat van My getuig. Jy behoort die uur te geweet het." Het gesê, het vir die Fariseërs gesê: "Julle geveinsdes, julle kan die voorkoms van die lug onderskei. Maar die tekens van die tyd, kan julle nie onderskei nie. Want as julle My sou geken het, sou julle My dag geken het." Het reg oor hulle gegaan, het dit nie geweet totdat dit weg was nie. Let nou op die Woord wat so belangrik is!

31 En let op 'n ander, terwyl ons daarmee besig is, Lot. Jesus het Self gesê: "Onthou Lot se vrou." As die Woord nie so belangrik is nie, as redenasie reg is; toe daardie Engel vir Lot en sy familie gesê het, "Gaan na Zoar, maar moenie terugkyk nie!" En Lot se vrou, met 'n klein onbeduidende dingetjie soos om om te draai en terug te kyk, maar dit was teenstrydig met die Woord, sy het in 'n soutpilaar verander.

Dan sê julle: "Vertel vroue omtrent hulle sny van hare, kleredrag …?" God het gesê moet dit nie doen nie! Volg julle die Woord. Lot het, sonder twyfel, 'n mooi vrou gehad, maar sy het nie die Opdrag na die Woord gehoorsaam nie. Lot! Eva was 'n goeie vrou, maar sy het nie die Opdrag na die Woord gevolg nie; het net 'n bietjie daarmee geredeneer.

32 "Is dit nie redelik nie, Broer Branham, dat ons hierdie moet doen nie? Ek's 'n Amerikaanse burger, ek—ek het 'n reg om te doen wat ek ook al wil. Dis my Amerikaanse voorreg." Dis jou Amerikaanse voorreg, maar nie jou Christelike voorreg nie. Want, om Christen te wees, is jy 'n skaap; en 'n skaap verbeur sy regte. Dit lê stil en laat jou al die regte wat dit het, wegneem. Maar 'n bok sal 'n storm opskop daaroor. Dis reg. Maar 'n skaap verbeur sy regte. En 'n Christen verbeur altyd hulle nasionale regte as dit teenstrydig is met jou Christelike regte.

Lot se vrou het bloot teruggekyk, [Broer Branham klap sy vinger — Red.] dit was dit! Nou wat het dit gedoen? Dit sê vir ons hier in Abraham, en Lot, dat die ding wat hulle daar uiteengeset het, 'n voorbeeld. En ons kan nie daarvan wegkom nie.

Hebreërs, die 11de hoofstuk, het gesê: "Hierdie dinge was vir ons voorbeeld.

Siende dat ons omring is met so 'n groot wolk van getuies. Moet ons alle sonde aflê." Wat is sonde? Ongeloof! "Elke sonde, elke ongeloof van God se Woord, wat ons so maklik beset."

33 Ons kom iets teë, sê: "Wel, hulle preek, *dit,* dat *dit* was … " Moenie dit doen nie! Doen julle net wat God gesê het om te doen. Bly Daarby, tot die letter!

Sê: "Dit maak geen verskil nie."

Goed, die enigste ding wat ek kan sê is wat die Woord sê. En Jesus het streng gesê: "Onthou Lot se vrou." Sy het bloot oor haar skouer gekyk. Eva het net vir 'n oomblik gestop. Dis al wat sy gedoen het. Lot se vrou het net agtertoe gekyk. En as … God het daardie regverdige man, Lot, sy vrou, in 'n soutpilaar verander, deur net 'n klein dingetjie, net genoeg ongehoorsaam wees aan Sy Gebooie om net terug te kyk en sien waaroor al daardie vuur gegaan het, en sy het in 'n soutpilaar verander, en staan vandag nog daar as 'n voorbeeld dat God bedoel wat Hy sê.

O, as ware geloof kon anker in mense! "Geloof kom deur die gehoor, gehoor van die Woord van God."

34 Eva het vir 'n oomblik gestop. Dis al wat sy moes doen. Satan het haar gevang, en het dit net met haar geredeneer. "Is dit nie redelik nie? As Suster *So-en-so* dit kan doen, kan jy dit nie ook doen nie? Sy's die pastoor se vrou." Ek gee nie om wie sy is, of wie hy is nie. As dit teenstrydig is met die Woord, moenie jy daarna luister nie. Gaan reguit voort! Voorbeelde!

Dis hoe Abraham gedoen het. Hoeveel redenasie dink julle kon die—die mediese wetenskap hom gegee het, van daardie dag, dat hy nie daardie baba sou hê nie? En wat van toe hy vyf-en-sewentig was? Dan vind ons hom toe hy 'n honderd was, hy het dit steeds sterker geglo as wat hy dit in die eerste plek, het vyf-en-twintig jaar gehad om meer geloof daarop te bou. Ek hou daarvan. Ja, meneer.

35 Dan wil ek julle aandag bring na iets anders voor ons opstaan. Het julle opgelet? Ek—ek hoop dat julle dit gekry het. Op daardie verbond wat bevestig word, deur daardie verbond te skryf en dit uitmekaar te skeur, het julle dit begryp? Steek julle hande op as julle dit, julle weet wat dit beteken. Verbond uitgeskryf, geskeur, God wat die manifestasie van drie-eenheid neem, wat dit tot een maak; wat dit uitmekaar skeur, neem die liggaam op Omhoog, en stuur die Heilige Gees terug om in die Kerk te lewe, om dieselfde ding voort te bring wat daardie liggaam voortgebring het, as 'n vrou, Bruid; selfde Gees, dieselfde werk, dieselfde Leerstelling, alles presies net soos Hy dit gehad het, dieselfde teken: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Let op!

Daar mag per toeval 'n Jood wees wat hier sit.

Sien, God doen daardie dinge, en dit gebeur reg onder die mense, en tog begryp hulle dit nie.

Soos ek verduidelik het omtrent waarom vroue hulle gesig sluier wanneer hulle trou. Waarom? Hulle mag dit dalk nie verstaan nie. Maar wat hulle doen, is, in die wete dat hulle is 'n liggaam, hulle het geen hoof nie, die man is hulle hoof. Dis die rede waarom Rebekka haarself versluier het. En dis waarom die Kerk haarself behoort te sluier en haarself oorgee aan Christus, want Hy is die Hoof, en Hy is die Woord.

36 Nou, die Jood, die Yom Kippur, wanneer hulle die nagmaal neem, of die Pasga, enigiemand weet, dis 'n Jood, en weet dat onder die deksel is 'n gebreekte stukkie kousjer. En daar's nie 'n Jood waarvan ek weet, wat ek ooit mee gepraat het, kan verduidelik hoekom daardie gebroke stukkie kousjer. Wel, hier is dit in die bevestiging van die verbond, die gebroke liggaam van Christus, toe Hy God van die mens weggebreek het; Hy was beide God en mens. En toe Hy die Gees opgeneem het … En Jesus het gesê, luister: "In daardie dag sal julle weet dat Ek in die Vader is, die Vader in My; Ek in julle, en julle in My." Dis God in Sy mense! Dieselfde God!

Hy het daar verteenwoordig, waaroor ons gisteraand gepraat het. God het neergedaal, hoofletter H-e-e-r, Jehovah-Jireh, Jehova-rapha, Jehovahmanasseh, Elohim, die Algenoegsame Een, die Sterk Een, die Geborste Een, al Sy titels en alles, gemanifesteer in 'n menslike liggaam wat menslike kos eet, en uit hulle gesig verdwyn het. God!

37 En Jesus, toe Hy gekom het, het Hy gesê: "Soos dit was in daardie dag, so sal dit

wees.” God!

Dis die gebroke kousjer onder die deksel, die gebroke stuk; nie wat hulle neem nie, maar Wat gebreek is. Hoekom verstaan hulle dit nie?

Dieselfde manier toe Jesus die—die perkamente opgetel het en begin lees. Hy het deel van die vers gelees, en die res daarvan oorgeslaan, want dit was net vir Hom vir daardie dag. Die res van die vers het betrekking gehad op Sy Tweede Koms.

Dis die rede waarom die Jode dit nie verstaan nie, want hulle moes verblind word. Hulle het nie hulle Messias gesien nie, en tog was Hy daar. En elke keer wat hulle hulle—hulle Pasga neem, is die gebroke kousjer weer daar, en onbewus daarvan.

Ek het 'n rabbi gevra. Hy het gesê: “Ons word geleer om dit te doen.”

Ek het gesê: “Hoekom doen jy dit?”

Hy het gesê: “Ek weet nie. Niemand anders weet nie.”

Sien, 'n vrou sluier haar gesig, tog besef sy nie. In plaas van om in te kom en haar man haar hoof te laat wees, is sy hoof van die man. Dis verdraaïng. Nou dis die Amerikaanse gesindheid.

Maar dis dit, gebreekte kosjer. Dan let ons weer op, weer wil ek hier opmerk, om 'n agtergrond nou te gee, voor ons kom tot die eintlike deel wat ons vanaand oor wil praat.

38 Onthou julle gisteraand dat toe Abraham, die verbond was gemaak met Abraham, en sy Saad ná hom. Nou, daar was 'n natuurlike saad van Abraham, deur die daad van geloof het dit te voorskyn gebring; maar die ware Saad van Abraham was Christus, die Bybel … wat die koninklike Saad van Abraham was. Nou let op.

Abraham, voor die vernietiging van vuur in sy dag, was daar 'n teken gedoen aan Abraham, Sy uitverkore groep. En dit was, God het neergedaal in die vorm van 'n man, Sy rug gedraai na die tent van waar Sara was, en gesê het wat Sara gesê het in die tent. En Jesus het gekom en gesê dieselfde ding sou gebeur aan die einde van die eeu. Nou, dit was Abraham.

Dan Sy natuurlike saad, wanneer Messias kom. En Simon het na Jesus toe gekom, en Hy het vir hom gesê sy naam was Simon, en hy was die seun van Jona, wetende die geheim van sy hart. Het vir Filippus gesê … of Natánael, wat deur Filippus gevind is: “Ek het jou gesien toe jy onder die boom was.” Het die vrou by die put vertel: “Jy het vyf mans gehad;” en sy het gesê: “Meneer, ek merk dat U 'n profeet is.” Sien, die einde van die natuurlike saad van Abraham het daardie teken gekry.

En dit was voorspel deur die koninklike Saad Homself, Christus, dat die koninklike Saad, aan die einde van hulle dae, sou die dieselfde ding kry. Nou ek hoop ons begryp dit.

39 Het hom verander. Let op, God het Abraham se naam verander. Ek beter dit uitlos. Wanneer ek terugkom vir 'n lang herlewing, sal ons daarop ingaan. Hy moes die naam verander van sy aardse naam, na 'n naam gegee deur God.

Jy sê: “Wat het 'n man se naam met enigiets te doen?” O, broer, as jy net geweet het! Wel, party van hierdie moderne name wat ons het! Ek wil hulle nie noem nie, want dit sal julle gevoelens seermaak. Maar God het name wat dinge beteken, dit verander die hele uitkoms. O, jy sê: “Onsin!”

Wat van—wat van Jakob? Voordat hy 'n prins voor God geword het, moes sy naam verander word van Jakob na Israel. Is dit reg? Sekerlik. Paulus; Saul se naam moes verander word na Paulus. O, hoeveel kon ons noem, en sê dat God hulle naam verander het! Abram na Abraham, Sarai na Sara, verander hulle naam. O, goeiste! Wat 'n seën, om in 'n klein kerkie met 'n uitverkore groep te gaan, en dit te leer, sien die halleluja's in die hart, wanneer jy sien wat God doen.

40 Nou, gisteraand het ek verduidelik oor “tussen die lyn” en “om dit te bevestig .” Ek wil net weer oor dit gaan, voor ek na my teks toe gaan. Dat, God het Abraham verander van 'n ou verrimpelde man, hom en Sara, terug na 'n jong paartjie, het hulle fisiese wese verander voor hulle die beloofde seun kon ontvang. Die laaste teken wat hulle ontvang het was die manifestasie van God in vlees, kon die hart van 'n vrou agter Hom gelees het, in die tent. En die volgende ding was dat hulle liggame is verander. Nou, gisteraand was ek laat, en ek kon voel party wat daaroor wonder. Ek wil dit steeds 'n

bietjie nader bring.

Nou, die bewys daarvan was dat, toe hulle albei daardie lang reis ondergaan het, was hulle absoluut verander. En die Bybel het gesê: "Hulle was albei vêr gevorder in jare. En Abraham se liggaam was so goed soos dood, en Sara se baarmoeder was dood." Was dit reg? Ons weet hulle was dood, maar God het hulle verander. Nou om dit vir julle te bewys, dat Hy dit gedoen het. Eerstens, waarom sou daardie Filistyn (of nie 'n …), ja, ek glo dit was 'n Filistynse koning, verlief raak op Sara, 'n ou vrou? En sy was mooi van aansien.

41 'n Ander ding. Toe Isak gebore is, en Sara en Abraham ver gevorder in ouderdom, gereed om te sterf, toe het hulle verder gelewe, en Isak het getrou toe hy veertig jaar oud was; Sara het gesterf. En Abraham het met 'n vrou getrou, Ketura, en het vyf, ses seuns gehad, ek dink dit was, behalwe die dogters, daarna; en hier, sestig jaar gelede, hy was so goed soos dood! K-e-t-u-r-a, Ketura. Hy het met Ketura getrou, vyftig of sestig jaar daarna, en het ses seuns gehad behalwe sy dogters; en sestig jaar tevore, was hy so goed soos dood. Halleluja! Daar het julle dit! Die belofte van God is seker. Amen. O, ek is lief Daarvoor!

Net om tot jouself te kom en lees! Vandag, terug in die woude, lees, ek het 'n klein onderwerp wat ek wil verduidelik.

42 Israel. Die mense van God was eendag daar in Egipte, in slawerny verkoop, en hulle kon nie help dat hulle daar was nie. God se groot voorbestemde plan het hulle daarheen gestuur. Hy het vir Abraham vertel hulle sou in 'n vreemde land vertoef vir vierhonderd jaar. En daar het hulle soos die res van die mense geword, en hulle was slawe. As die—as die Egiptiese man die jong Hebreeuse meisies wou onteer, niks kon gesê word nie. As hulle hulle jong manne wou doodmaak, het hulle hulle doodgemaak, niks kon gesê word nie. Hulle was slawe. Hulle het hulle muwwerige brood vir hulle gegooi. Hulle eet dit, of daarsonder; kla, doodgemaak! Wat 'n plek vir die mense van God!

43 Maar eendag, halleluja, het God Sy belofte onthou aan Abraham. Glorie! Nou begin ek weer om godsdienstig te voel. Let op, God het Sy belofte onthou aan Abraham. En Hy het 'n profeet gesalf, met 'n Vuurkolom oor hom, en hy het in die land gekom en hulle begin te herinner aan die belofte van God wat nie kon faal nie. En God was teenwoordig om Sy Woord te bevestig. Reg. Hy het hulle vertel van 'n land wat gevloei het met melk en heuning, God het dit aan hulle gegee. Hulle het uit Egipte marsjeer met die krag van die getuienis van hierdie profeet met die Vuurkolom oor hom, omdat hy gestuur was. En God het bewys Hy was met hom.

44 Nou toe hulle by die plek gekom het genaamd Kadesh-barnea. Dit was eenkeer die oordeelstroon van die wêreld, Kadesh-barnéa. En daar het hulle 'n krygsman onder hulle gehad, met die naam van Joshua. En die woord *Joshua*, in Hebreeus, beteken "Jehova-redder." En Joshua, die groot vegter … Nou onthou, hulle het nog nooit hierdie land gesien nie, hulle het net daarvan gehoor. Sien julle nou die tipe? Hulle het slegs gehoor van die land. Hulle het alles verlaat om na die land toe te gaan, omdat die Woord van die Here na hulle gebring is, en bevestig het dat hulle op hul pad was na hierdie land. Wat 'n tipe van die Kerk, op hulle pad, het niks daarvan geweet nie, geeneen van hulle was ooit daar oorkant nie. Maar Joshua, toe hulle naby die grens gekom het, by Kadesh, die oordeelstroon, waar oordeel Israel getref het, van een wat daar was en terugekom het. En Joshua het oor die Jordaan gegaan, oor na die beloofde land, en die bewys teruggebring dat dit net presies was wat God gesê het dit was. En hulle kon van die druiwe proe wat in daardie salige land gekweek was.

45 Nou, die belofte aan hulle was dat hulle 'n huis kon hê waar hulle kon vry wees, hulle kon hulle kinders grootmaak in ordentlikheid en—en godvresend, kerk hou, ensovoorts. Hoe bly was hulle om oor daardie land te gaan en hierdie huis te kry, deur nie meer slawe te wees nie. Let op. Maar toe hulle oorgegaan het, hulle lewens gelewe het, was dit 'n groot ding. Maar eindelik word heuwels beplak met grafstene. Hulle het oud geword en gesterf, oud en gesterf, God se mense.

Toe eendag kom daar nog 'n groot Krygsman, die grootste van hulle almal, Jehova-Verlosser, *Jésus*, Hy het gekom, en Hy het gesê: "Daar's Lewe na die dood! Want, in My Vader se huis is baie wonings. As dit nie so was nie, sou Ek julle gesê het. Ek gaan om 'n plek te berei, en sal weer terugkeer om julle vir Myself te ontvang." En hierdie groot

Krygsman het na Sy Kadesh-barnea gekom, die oordeelstroon vir almal van ons, Gólgota! Hy het daar al ons ongeregtighede op Hom geneem. En Hy het die Jordaanrivier oorgesteek wat ons die dood noem. En op die derde dag het Hy weer opgestaan, soos Joshua wat die rivier weer oorgesteek het en terug gekom het, en die bewys gebring het dat "'n mens wat gesterf het weer kan lewe."

46 En Hy het gesê, om jou … seker van julle, "Ek wil hê julle moet opgaan na die stad van Jerusalem, en daar wag. Ek gaan vir julle 'n voorsmaak Daarvan gee. Ek gaan julle die bewys gee, die deposito." En hulle het opgegaan na die stad van Jerusalem en gewag tot die Ewige Lewe gekom het soos 'n magtige rukwind.

En vandag, na tweeduisend jaar, het ons steeds daardie bewys dat ons oorgegaan uit die dood tot die Lewe. Ons Joshua het die bewys teruggebring, en ons is op pad na daardie beloofde Land, proe van die hemelse gawes van God wat Hy na ons toe terug gebring het. Let op daarna, hoe wonderlik! Kyk waar jy eens was. Dronklap …

47 Ek het 'n broer vandag ontmoet; het 'n vreemde gevoel om by 'n sekere straat te draai, en 'n weg te gaan. Ek het vergeet wat die man se naam was. Hy mag hier in die diens wees. Tog, as hy nie is nie, wel, God was goed vir hom. Hy's 'n Indiaan, half Indiaan. Hy's van Virginia. Die Heilige Gees het vir my gesê, om nie dit te sê nie. Ek het my vrou uit gelaat. Het gesê: "Gaan af na *hierdie* kant, en draai om *hierdie hoek."* Ek het soontoe gegaan. O, dit gebeur al die tyd. "Wag net *hier."* Toe het ek 'n paar minute daar gewag. Het gesê: "Draai en gaan terug *hierdie* kant." En, toe ek dit doen, het ek hom ontmoet.

Hy het gesê: "Broer Branham, ek ken jou." Gesê: "Ek het eenkeer na Jeffersonville gekom, en om jou te vind." En ek het gesê … "Jy was oorsee." Maar hy was 'n alkoholis, in sy lewe. Ek het sy hand geneem, hy was onbewus van wat ek gedoen het. En hy het sirrosis van die lewer gehad. Terwyl ek daar gestaan het en sy hand vasgehou het, het die vibrasie my verlaat. Wat? Hy was genees. Net daar op die straathoek, hulle hoor dit in julle stad.

48 Ek weet nie wie die man … Is hy hier? Ek weet nie. As hy is, hy … Ek—ek weet nie. Hy het gesê hy—hy wou teruggaan huis toe. Ek dink hy moes gaan. Hy was 'n—'n Indiaanse man, ek dink hy het met 'n—'n wit vrou getrou. En hy was van Virginia. En ek het vergeet wat sy naam is. Hy het hier rondom Logar gewoon of so iets. En hy het al die pad na Jeffersonville toe gegaan. Maar hy het die gevoel gehad om om die hoek te loop; die Heilige Gees het gesê: "Gaan af *hierdie* kant toe." O God, wees genadig! Daar het julle dit.

Ek kon ure na ure neem, julle vertel van dinge wat ek gesien gebeur het, en plaasgevind het soos daardie. Waarom? Jesus, ons groot Krygsman, het na die land oor gegaan en dit oorwin, het dood oorwin, het die hel oorwin, het die graf oorwin, op die derde dag opgestaan, en gesê, "Ek is Hy wat dood was, en leef vir ewig, en het die sleutels van die dood en hel." Daar is die Oorwinnaar, vandat Hy die voorhangsel in twee geskeur het. Daar staan Hy!

49 Soos 'n ou kleurling suster. Verskoon my, my kleurling vriende hier. Sy het 'n getuienis in die diens gegee, en sy het met 'n baie suidelike aksent gepraat. Sy het gesê: "Wel, ek wil vir julle almal vanaand iets sê." Sy het gesê: "Ek is sekerlik nie wat ek behoort te wees nie." En sy het gesê: "Ek is sekerlik nie wat ek wil wees nie. Maar een ding weet ek, ek is nie wat ek altyd was nie." So sy het êrens gekom!

En ek sê, dis dit vanaand! Ons was eenkeer verlore in sonde. En vandag, deur die getuienis te aanvaar, die teruggestuurde belofte (die deposito op ons Ewige verlossing), ons het opgestaan uit die dood tot die Lewe, en lewe bokant dit. Wat sal dit wees wanneer ons die volle paaiement kry, en die rivier oorgaan, onsself, in daardie heerlike Land?

50 Groot toetse! Nou Abraham, na al hierdie wonderlike dinge, is hy getoets nadat hy die seën ontvang het. Abraham was getoets.

Nou, dis daar waar mense faal. Nou, luister nou baie mooi, moet dit nie mis nie. Die Bybel sê, dat "Elke seun wat na God kom moet getugtig, gegésel, verslaan word. En as ons nie die tugtiging kan neem nie, word ons onegte kinders, en nie die kinders van God nie." Dit bewys dat ons geloof was nie wat ons gesê het dit was nie, ons het nie wat ons bely het om te hê nie. Nou kom ons neer in goeie Calvinisme nou, so ons moet dit

dophou. Nou let op, "Elke seun wat na God kom moet getugtig, gegésel," die Woord slaan hom en sny hom aan stukke, klop elke geloofsbelydenis uit onder hom; sien, getoets, en kyk of hy 'n seun van God is.

Nou Abraham, nadat hy die seën ontvang het, was toe agterna getoets.

51 Waar gaan daardie tyd heen? Ek is nie eers deur my teks nie, en dis tyd om af te sluit. Sal julle my nog vyftien minute verdra? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Dankie. Wees eerbiedig. (Abraham. Kyk na Noag.) Laat ons dit net vir 'n oomblik neem. Ons kan nie gou maak nie; dit is nie nodig nie. En, goeiste, hoekom is ons so haastig? Ek's net stadig. Ek—ek is nie soos party van hierdie kêrels wat kan staan, kan dit net uitblaas soos dit nie. Ek—ek—ek's stadig, ek moet wag totdat Hy dit vir my gee.

Kyk na Noag, nadat God hom 'n honderd-en-twintig jaar gegee het om te preek, reg in die middel van 'n groter wetenskaplike wêreld as wat ons vandag het. O, sekerlik, hulle het piramiedes gebou. Ons kon nie hulle bou nie. Hulle het 'n sfinks gebou. Ons kon nie dit bou nie. Hulle het liggame gebalsem om vandag nog natuurlik te lyk. Ons kan dit nie doen nie. Hulle het kleurstof gehad wat hulle in dinge gesit het, dat die kleur vir vierduisend jaar nooit verander het nie. Ons het dit nie. [Leë kol op band — Red.] En dit het gewys dat hulle 'n beskawing gehad het soos wat Jesus gesê het, "Soos dit was in die dae van Noag." En Noag, in daardie wetenskaplike wêreld, gepreek, 'n Reën gaan uit die hemel val, want die Woord van God het so gesê!" Noag was 'n profeet.

52 En wanneer jy profete sien opstaan, jy beter waak, oordeel is op sy pad.

So toe het Noag gepreek, en die mense het dit verwerp, in sy gesig gelag. Ek kan my voorstel sommige van hulle het gesê, "Dit dra nie ons wetenskaplike goedkeuring nie." Huh!

Ek stel my voor, dieselfde ding soos dit vandag is. Hulle sê dat, "Uitroepe en lofbetuiging aan God, en huil, en hierdie sogenaamde "helige" lewe en dinge, dis alles emosionele opgewerkheid " Dit kom nie ooreen met hulle wetenskaplike goedkeuring nie, maar dit kom ooreen in God se Bybel. Dis die hoofsaak. Let op.

Ek stel my voor die wetenskap het uitgekom en gesê: "Kyk, kêrel. Kyk, jy's—jy's soort van van jou kop af. Kyk hier. Ek, ons het radar, ons kan die maan skiet of 'n Sputnik opstuur. Daar's nie een druppel water tussen hier en daar nie. Nou waar kom dit vandaan?"

Ek kan hoor Noag sê: "God het so gesê! En as God gesê het dit is so, Hy's Jehova—Jireh, Hy kan water daarbo voorsien. God het so gesê! Dit gaan gebeur, in elk geval!" Iemand het gesê …

53 Jy neem 'n man wat sterf aan 'n kanker, 'n skaduwee van 'n man, hier is hy; volgende jaar is hy 'n sterk gesonde man. Hoe het dit gebeur? Het hom uit gelê … Ek het honderde van daardie getuienisse. 'n Man wat al weg is uit hierdie lewe, 'n dokter het 'n verklaring geteken, "Hy's dood, was dood vir ure en ure." En God gee 'n visioen, en hy lewe nou. Hoe? Moet my nie vra nie. Ek weet nie. Maar God het gesê, "Genees die siekes, wek die dooies op, dryf duiwels uit." Dis reg.

Wanneer jy siek is en God verklaar genesing, gaan net aan—aan met jou dokter, laat hy jou sê wanneer jy gesond is. Hy sal jou gee … Dit sal vir hom 'n getuines wees. Wanneer hy sê, "Wel, dis alles weg"; sê: "Prys God! Dankie, dokter, vir jou dienste," en gaan voort. Sien? Dis reg. Let op.

54 Nou Noag, hy het gesê, "Daar kom 'n reën, die hele wêreld, gaan julle bose mense wegwas."

"Ag, onsin! Ons het ons kerke. Ons pastoor sê niks daarvan nie. Die ou man is van sy kop af, gaan voort om aan die ark te bou. Dink jy enigiemand wil dit glo?"

Eendag, het God gesê, "Ek het genoeg van hulle spottery gehoor. Ek is nou gereed. Gaan in!" En hier kom die diere, twee twee, die manlike en vroulike papegaai, die manlike en vroulike mossie, die manlike en vroulike bok, manlik en vroulike skaap, leeu, tier, alles wat asem haal op die aarde, het in die ark ingegaan.

Noag het gesê: "Dis julle laaste teken!"

En hulle wou dit nie glo nie. "Gaan voort daarheen en lewe saam met jou stinkende diere."

Daar was hy, Noag gehoorsaam aan God. Maak nie saak wat die wêreld gesê het nie, hy het na God geluister; hy was 'n profeet. Hy het in die ark ingegaan, en God het die deur agter hom toegemaak.

55 Nou ek kan my voorstel, party van die grenslyn gelowiges, wat rondom gesit en geluister het na Noag se boodskap, en 'n opmerking gemaak, julle weet, het hulle gesê: "Jy weet wat, daardie ou man kon reg gewees het. Laat ons opgaan en daar rond staan. Hy het gesê: 'Dit gaan begin reën wanneer daardie deur sluit.' God het vir hom gesê Hy sou die deur toemaak, dit gaan reën. Laat ons opgaan en daar rond staan. En as dit wel begin reën, sal ons aan die deur klop. Omdat hy 'n saggeaarde ou man is sal hy die deur vir ons oopmaak."

Julle sien, partymaal kyk julle na die boodskapper in plaas van die Boodskap. God het die deur toegemaak. Maak nie saak hoe saggeaard Noag was nie, dit was God wat die toemaak en oopmaak doen, wat Hy ookal wil hê.

56 "Broer Branham, daar's 'n man wat hieronder op die hoek sit. Gaan en genees hom, dan sal ons in Goddelike genesing glo." Dis die duiwel.

Dieselfde een wat gesê het, toe hulle 'n doek om Sy gesig gesit het en Hom op Sy kop geslaan het, in die hof, hy het gesê: "As U 'n profeet is, sê vir ons wie het U nou geslaan. Ons sal dit glo." Hy speel nie nar vir enigiemand nie. "As U die seun van God is, verander hierdie klippe in brood. As U dit is!" Hy kon dit gedoen het, maar Hy vermaak niemand nie. "As U die seun van God is, kom van die kruis af." Die geestelikes het dit gesê, sien. Hy het niemand vermaak nie.

Hy het net gedoen soos die Vader Hom gewys het, en niks anders nie. Dis wat Hy gesê het, Johannes 5:19: "Die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie." Daar het julle dit. Let op.

"Ons sal soontoe gaan en rondom die ark staan, as dit begin reën …"

57 Ek stel my voor Noag het gesê … Hy was in die eerste verdieping, opgeklim tot die volgende verdieping (die voëls) verby die kruipende dinge, tot by die volgende kantoor. Van regverdigmaking, na heiligmaking (die voëls), toe het hy van daaraf gegaan na die doping van die Heilige Gees; waar die venster was, waar die lig kon inkom. "Ek het bo in die hemele, gesit." Het gesê: "Goed, familie, julle wat hier saam met my inkom, in die oggend … Dit word laat vamiddag nou. Nou God het die deur daar toegemaak. In die oggend, sal daar duisternis oor die hele aarde wees. In die oggend, sal die reën begin val en die ark sal weg dryf, en God sal—sal elkeen van daardie wrede sondaars verdelg wat nie die Boodskap geglo het nie." Almal van hulle wag.

58 Die volgende oggend, het opgestaan, uitgekyk, pragtig en helder. Hy het in die ark ingegaan, hoeveel weet watter dag het hy ingegaan? Die 17de Mei, toe was Noag seshonderd jaar oud. Die 17de dag van Mei, die Bybel het so gesê. En toe hy ingegaan het, die 17de dag het verbygegaan, die son het opgekom net so warm soos dit altydt was.

Ek sou my hulle voorstel, grenslyn, sê: "A! Ek het julle gesê daar sal niks van kom nie! Hoekom staan julle almal hier rond vir wat? Kom weg van so 'n kwak!"

"Wel, ek reken dit was reg."

Maar, julle sien, daar is 'n skeidslyn getrek tussen geloof en ongeloof. En jy kom óf een kant of die ander. En daar's 'n tyd wanneer julle julle laaste waarskuwing ontvang.

So, die tweede dag, wat 'n teleurstelling was dit vir Noag en sy kerk, toe hy hulle vertel het God gaan die wêreld vernietig. Maar weet julle hoe lank het hy gesit? Sewe dae, niks het gebeur nie. Toetsing!

59 Toe op die agtste dag, was daar duisternis oor die hele aarde, yslike groot druppels het uit die lug begin val, die water het begin stroom, en die fontiene het uitgebreek. Die strate het vol water geword. Mense het aan die deur geklop, maar Noag kon hulle nie eens hoor nie. En sy het bokant die hoogste heuwel gedryf, en alles sonder dat die ark vernietig is.

God toets Noag, om te sien of hy sou probeer om by die venster uit te klim, of iets. Nadat Hy alreeds die belofte gemaak het, Noag het uitgehou!

Dit is dit! Wanneer jy die belofte het, en jy weet dis 'n belofte, bly daarby! Abraham

moes getoets word. Bly by die belofte!

Nou, hulle het hulle laaste teken gekry. Toe het hulle liggaam verander. En onmiddellik het klein Isak op die toneel verskyn, lieflike klein Joodse seun. Ek sou my voorstel nadat sy agt dae verby was is hy besny. Hoe daardie jong moeder, honderd jaar oud … Hoe dat Abraham, honderd jaar oud; of sy negentig, en hy 'n honderd; hoe moes hulle nie gejuig het nie, omtrent in hulle twintigs. Hierdie jong kêreltjie, hoe aangenaam was hy nie!

60 En julle weet, God het gesê: "Nou om die mense te laat weet in die dae wat kom (die Saad van Abraham), jou Saad weet dat ek my My belofte hou aan enige mens wat wil vashou aan My Woord, ek gaan hom 'n toets gegee."

Toe die seuntjie omtrent veertien jaar oud was. Ek stel my voor, langerige hare en mooi ogies. O, hoe gelukkig was die vader en moeder! Jy weet hoe jy as ouer is oor jou kind, enigste kind. Toe het God vir Abraham gesê … Nou, Hy sou nie vir Sarah sê nie, want Sarah was die swakker wese. En toe het Hy gesê, "Abraham, ek wil hê jy moet hierdie seuntjie neem wat Ek aan jou gegee het, die een wat ek deur jou 'n vader van baie nasies gaan maak, en ek wil hê jy moet hom neem tot bo op die berg wat ek vanaand vir jou in 'n vision gaan wys, en hom daar doodmaak." Vernietig die enigste hoop wat daar vir hom was om 'n vader van nasies te word, vir God om Sy Woord te hou; God het gesê, "Ek maak jou 'n vader van nasies." Hy het nou al hierdie jare gewag, totdat hy 'n honderd jaar oud was, honderd en veertien jaar oud. "En hier's die klein seuntjie nou, en die enigste bewys wat jy het dat Ek My Woord sal hou, gaan jy op en vernietig dit. Ek gaan steeds vir jou 'n vader van nasies maak deur hierdie kind."

61 "En Abraham," sê, "hy het nie getwyfel aan die belofte van God nie. Hy het geweet dat hy hom ontvang soos een uit die dood. Het geweet, as God belowe het, kon Hy hom uit die dood oprig."

En dan is ons die Saad van Abraham? En een klein teologiese fout kan op hierdie manier bars, om gewild te wees met die res van die mans en vroue, jy gaan na dit toe in plaas van om by die Woord te bly. Skaam jou! Een of ander groot organisasie, wat beteken dit vir God? Hy sal dit afvee soos *dit!* [Broer Branham klap sy vinger — Red.] Hy's weg van dit, was sedert hulle georganiseer het, elkeen van hulle, en sal altyd wees. Nie die indiwidue nie, maar die organisatoriese stelsel, dis teen God. Elke kerk wat georganiseer is, is die moeder … of 'n dogter van die Katolieke organisasie. Die Bybel het so gesê, Openbaring 17, "Die ou hoer en haar hoere dogters." Presies reg.

62 Ons het haar laat sit reg hier oor ons nasie. Skaam julle goeie Demokrate wat julle geboortereg verkoop het! Goed, ons sal dit daar laat, totdat ek terugkom. Let op. Ek's laat. Beteken jou Christus nie meer vir jou as jou politiek nie? Jy behoort te doen wat Abraham Lincoln gesê het. Goed. Let op, ons gaan voort.

Nou God het gesê, "Jy neem die klein kêreltjie, vat hom tot bo op die berg."

Nou julle wil weet of Abraham 'n jong man was of nie? Hy het drie dagreise ver met die kind gegaan, met die hout, met die dienaar, en die donkie. Nou enige man, gewone man … Ek het altyd patrollie gedoen op kraglyne, was gewoond om te stap toe ek n wildbewaarder was; en ek kan stap, maklik, dertig myl per dag. En ons het brandstof voete, noem ons dit. Maar daardie manne, hulle enigste vervoer is te voet, of om 'n donkie te ry. En hier was hulle met 'n klein stadige donkie; en ons kan onder hom uitloop En hier was hy, drie dagreise ver, en toe hy sy kop oplig het hy alreeds die berg van ver af gesien. Hy moes omtrent 'n honderd myl ver van beskawing gewees het, ver terug in die woestyn. Nou luister, en let op.

63 Toe het hy die hout geneem en dit op Isak se rug gesit; die kruis, God se Seun jare later. En Isak het die hout teen die heuwel opgedra, wat hy op gaan lê vir 'n offerhande. Wat voorafgeskadu het!

As God dit voorafgeskadu het na 'n punt; Lot se vrou, moet jy nie omdraai en terugkyk na die dinge van die wêreld nie. Al daardie tipes en skaduwees is volmaak. Sien? Onthou Eva. Onthou Lot se vrou. Onthou Lot homself, julle manne. Onthou, Adam het ingegee vir sy vrou; Lot, dieselfde manier. Wees versigtig. Ek vertel julle net, as 'n broer. Dis later as wat julle dink.

Let op klein Isak gaan op teen die heuwel. En hy het agterdogtig geraak. En hy het omgekyk, en hy het gesê, "My vader?"

En hy het gesê, "Hier is ek, my seun."

Hy het gesê, "Hier is die hout. En hier is alles, alles, die vuur. Maar waar is die lam vir die brandoffer?"

Luister na daardie ou pappa, sonder 'n bewing in sy stem, het gesê, "My seun, God sal vir Homself die offer voorsien." Sy enigste seun gaan na die slagting, maar tog het daardie getroue ou hart geweet dat God nie kan lieg nie.

Dis die Saad van Abraham vandag! "Hoe kan dit wees, Broer Branham?" God sal vir Homself voorsien! "Hoe gaan Hy dit doen?" Ek weet nie. Maar Hy is Jehovah-Jireh!

64 Het tot op die top van die heuwel gegaan, die klippe opgetel. Plaas die hout op die klippe, en dit met die vuur aan die brand gesteek. Het gesê, "Isak, my seun, draai om." Hy het die tou geneem wat aan sy middellyf hang, en sy hande en voete vasgebind. Isak, gehoorsaam, soos Christus was, tot die dood. Het hom op die blok gelê. Het die groot mes uit sy skede uitgetrek; 'n paar maal geslyp, opgekyk na die lug.

"Hy het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie, maar was sterk, in die wete dat hy hom ontvang het soos een uit die dood; ten volle oortuig dat as God vir hom gesê het om dit te doen, kon Hy hom uit die dood oprig." Dis Abraham, en dis sy Saad na hom. As dit die natuurlike saad was, wat behoort die koninklike Saad te wees? Nie gesteier nie! Wat God sê, sal God doen. In die wete dat, hy was ten volle oortuig; dat wat God belowe het, God in staat was om te doen.

65 Die mes geslyp; klein Isak se klein donker oë wat daardie groot skerp lem dopgehou het soos dit oor die steen slyp. Agtertoe uitgereik; die krulle van sy voorkop weggevee, sy klein kennetjie teruggetrek. Het opgestaan, en die trane het so oor sy gesig geloop. In die wete, en hy het nie getwyfel aan die belofte van God nie! Sy hand opgelig om dit in sy eie seun se keel te steek.

En toe hy dit wou doen, het die stem van God uitgeroep, en sy hand gevang, gesê, "Abraham! Abraham, hou terug jou hand! Ek weet nou dat jy My liefhet." Wat het Hy gedoen? 'n Getuienis te gee aan die Saad van Abraham, na hom. "Hou jou hand, moenie hierdie kind kwaad aan doen nie! Ek weet dat jy My liefhet."

66 En omtrent daardie tyd, het Abraham iets agter hom gehoor. En hy het gekyk, en daar was 'n ram (dis 'n manlike skaap) gevang deur sy horings in die onkruid en bosse. En Abraham het gegaan en het die ram doodgemaak, in plaas van sy seun.

Waar het daardie ram vandaan gekom? Hy's 'n honderd myl van beskawing. Wel, die wilde diere sou hom doodgemaak het as hy dar sou wees. Sekerlik, dis 'n—dis 'n huishoudelike dier. Waar het dit vandaan gekom? En, buitendien, dis ver bo-op die berg, waar daar geen gras of water is nie. En Abraham het oral klippe opgetel, waar dit was, om 'n altaar te bou. Waar het dit vandaan gekom? Dit was nie 'n visioen nie; dit het gebloei. 'n Visioen bloei nie. Halleluja! Jehovah-Jireh het vir homself 'n offerhande voorsien!

67 Wanneer God op Sy Woord geneem word, is Hy in staat om te voorsien wat ook al Sy behoefte is. God, Jehovah-Jireh, is steeds Jehovah-Jireh vanaand. Hy het alreeds 'n Offerhande voorsien. Hy het 'n Kerk voorsien. Hy het 'n Boodskapper voorsien, die Heilige Gees. Hy's nou hier, God wat voorsien. Die Here het vir Homself 'n Bybel voorsien, 'n Gees, 'n Kerk, 'n Boodskap, 'n Boodskapper. En die uur is nou hier vir die kerk om weggeraap te word en huistoe te gaan. Jehovah-Jireh sal die hulpbronne voorsien om daardie Kerk uit hierdie wêreld te neem, deur hierdie swak liggame van ons te transformeer, en hulle op te neem in Heerlikheid. Jehovah-Jireh! Hoe sal dit gebeur in 'n moderne dag soos wat ons in lewe, dat hierdie dinge sal wees?

68 Billy, my seun, waar hy ook al is, en ek, was in Indië net onlangs. En ek het 'n koerant op getel … Toe ek van die skip af stap, het duisende daar gestaan met blomkranse hope daarvan. Toe ons terug gegaan het na die Taj Motel het hulle 'n koerant daar gehad, in Engels. En ek het 'n groot stuk daarin gesien, wat sê, "Dit moet 'n teken wees dat die aardbewing verby is." Wat was die probleem? Wel, omtrent drie of vier dae voor die groot aardbewing soos julle gelees het, het al die voëltjies wat in die rotse gebly het …

In Indië, hulle het nie heinings soos ons in Kalifornië het nie, die Verenigde State. Hulle maak hulle heinings van die rotse wat hulle optel. En die klein voëltjies bou hulle

nes daarin. Hulle maak groot torings, en voëls bou hulle neste daarin. En al die voëltjies, 'n paar dae voor die aardbewing gekom het, het weggevlieg van die mure af. En in die aand of … In die middel van die dag, wanneer dit warm word, die skape en beeste het onder die skaduwee van die muur en die toring gestaan, om uit die warm son te staan.

Maar vir twee dae, het die beeste en die skape nooit na die mure toe gekom nie. Hulle het in die moddel van die veld gestaan en teen mekaar geleun, vir troos. Toe het die aardbewing gekom het, en die mure omgeskud. En toe het die voëltjies terug gekeer, en die vee van die veld. Wat was dit? Dieselfde God wat die skape en beeste, en die voëls, na die Ark toe gelei het, het gewys dat Hy dieselfde God vandag is wat sy diere weg kan lei.

69 En as Hy 'n dier kan lei deur instink, hoeveel te meer behoort die Kerk van God weg te kom van hierdie groot mensgemaakte mure en doktrines van die kerke. Babilon gaan val, een van hierdie dae. Jehovah-Jireh het vir Homself 'n Rusplek vir jou. Vlieg weg van die torings van die wêreld!

Vlieg weg van die glans van Hollywood! Die kerke probeer hulle naboots, sodat hulle kan skyn. Die Evangelie skyn nie. Hollywood skitter; die Evangelie gloei. Hollywood betower met glans. Die groot kerk betower met geleerdheid. En die Kerk van die lewende God gloei met nederigheid en teerheid, en die Heilige Gees. Daar's 'n groot verskil tussen 'n gloed en 'n skyn.

70 Hy's nou hier. Jehovah-Jireh het vir Homself voorsien. "God is in staat om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te rig." As die denominasies Dit nie wil aanvaar nie, God kan Sy kinders vanuit die strate bring, prostitute uit die herberge. Hy kan enigiets oprig wat Hy wil. Maar as God 'n Boodskap voorsien het, daar is iemand êrens om Dit te ontvang. Jehovah-Jireh! Die Here sal vir Homself 'n Boodskap voorsien. Die Here sal vir Homself 'n Boodskapper voorsien. Die Here sal vir Homself voorsien, op Sy Eie manier, die tekens aan die Kerk; nie aansluit nie, jou naam in 'n boek skryf nie.

Ons hoor vandag soveel van besluite neem, so baie besluite. Watter nut is dit om rotse op te stapel as jy nie 'n klipmesselaar daar het om hulle te sny en hulle uit te vorm na seuns en dogters van God nie? Watter nut doen dit om groot denominasies te hê by die duisende, as iemand nie daar is met die skerp tweesnydende Swaard van God om hulle te vorm na ware kinders van God nie. Mag hulle net so wel los waar hulle is. Amen. God (nie Metodis, nie as Baptis, Katoliek), God voorsien vir Homself 'n Mes om kinders van God te vorm, seuns van God. Amen. *Jehovah-Jireh,* "die Here sal vir Homself voorsien." En Hy het! Glo Hom, en lewe.

Laat ons ons hoofde buig net vir 'n oomblik.

71 Genadige God, die ewiglewende God, wees ons nou barmhartig, en gee vir ons van U genade. Ons is onwaardig, Vader, van enigiets wat U vir ons sou doen. Maar ons bely nie dat ons waardig is nie, maar ons gehoorsaam slegs net die roeping van God. Ons bid, Vader, dat U ons vanaand sal vorm in stene wat sal pas in die Tempel van God, vir die groot Koms van die Here Jesus na Sy Tempel. Skenk dit, Vader. Vergewe ons sondaars ons tekortkoming. Openbaar aan ons U Woord. Wys vir ons die Weg om te wandel. Leer ons, O Vader, God. Mag ons Dit ontvang. En as dit teenstrydig is met die Woord, dan weet ons dat dit die verkeerde leraar is. Die Heilige Gees is ons leermeester. Hy het die Woord geskryf, en Hy sou nie enigiets behalwe Woord onderrig nie. En ons bid dat Hy dit sal manifesteer aan ons vanaand, in ons harte. Skenk dit, God.

72 Nou met ons hoofde gebuig, ons oë gesluit. Die genade van God rus op ons, is my nederige en opregte gebed. Glo nou net. Moenie twyfel nie.

Is daar enige in die gebou, wat ek weet daar is, mans en vroue wat Hom nie ken nie, het nooit Sy voorsiende Offer aanvaar, as die Here Jesus, as jou Verlosser nie? Ken julle Hom nie? Jy mag dit intelektueel dink. Maar 'n mens kan God nie sien totdat hy wedergebore is nie. *Sien* beteken nie … Jy sien nie met jou oë nie; jy kyk met jou oë. *Sien,* is om te "verstaan." Jy kyk reg Daarna, en sê: "Ek sien dit nie," jy bedoel jy "verstaan dit nie." Jy sal nooit weet waarvan ons praat totdat jy wedergebore is nie. Jy het nog nooit daardie ondervinding gehad nie? Met julle hoofde nou gebuig, en julle oë gesluit, sal jy jou hand opsteek, en sê: "Broer Branham, onthou my in gebed vanaand. Ek glo dat ons, ons laaste Boodskap ontvang het. Die dae gaan vinnig verby. En ek sien dat wat jy gesê het in die Bybel is waar, want ek het die Bybel gelees. Ek glo dat dit die uur is wat ons nou moet kom. En, vir my, ek neem my stand nou in vir Christus"?

73 God seën jou. God seën jou. God seën jou. God seën jou. God seën jou. God seën jou, jou. Goed. Bo op die balkon, die hande! Steek net jou hand op, sê: "Vir my, soos Josua gesê het, 'Vir my en my huis, ons sal die Here dien.'" Goed, iemand anders? Ek wag net. God seën jou daaragter. Ek sien jou hand. God seën julle daarbo. God seën jou. Hy sien jou. Ver bo op die balkon, God seën julle daarbo, meneer; die grootste ding wat jy ooit gedoen het in jou lewe. Reg in die middel van die balkon, steek iemand sy hand op. Miskien het ek nie 'n hand daar gesien nie, dit mag … Iemand in die middel van die balkon? Steek jou hand op, en sê: "Broer Branham, vir my, ek's … Ek wil Hom dien. Ek—ek's opreg." God seën jou. God seën jou. God seën die mannetjie. Op die balkon aan die regterkant, iemand steek sy hand op, en sê, "Broer Branham, ek, vir my, ek weet dis reg. Ek's … Ek ken God nie, maar ek wil Hom ken. Ek wil seker wees. Ek sien ek kan nie bekostig om 'n kans te vat nie. Ek kan nooit weer terugkom nie."

74 "Soos die boom leun, dis hoe dit val," sê die Skrif. Moenie dat dit in die verkeerde rigting val nie. Jy kan dit vanaand regmaak. Onthou, solank as wat daar 'n Ewigheid is, en dit het nooit 'n begin gehad nie en sal nooit eindig nie, maar jy word deel daarvan, jy sal ly of jy sal in vreugde lewe. Hoe weet jy jy gaan lewe totdat jy by die huis kom?

Jy sê: "Ek's baie jonk."

Ek het net 'n boodskap 'n rukkie gelede gekry. 'n Jong dame terug in my staat, het die verkeerde pad gevat, begin sigarette rook. Het haar vertel van God, maar sy wou nie luister nie. Sestien jaar oud, sy het uit haar … nee, agtien jaar oud, net uit 'n hoërskool geleerdheid gekom. En is gesê, probeer om reg te doen. Maar sy het met die verkeerde klomp begin, weerlig het haar oombliklik getref en is dood.

75 Net onlangs, het 'n gekleurde man in Shreveport opgestaan en gesê, "Daar is nie so-iets soos God nie." Net gelaster, gesê: "Hulle is niks anders as 'n klomp holy-rollers." Weerlig het hom doodgeslaan. Hulle het hom na die graf toe geneem. En toe hulle daardie man begrawe, kom daar 'n klein wolkie, en weerlig tref die kis en blaas hom sommer uit die doodskis uit.

Jehova God word kwaad. Ek weet Hy is 'n goeie God, maar Hy is ook 'n God van oordeel. Hy kyk steeds, Hy weet.

As jy sonder God is, steek jou hand op, sê: "Onthou my, Broer Branham, soos jy bid." God seën jou, dame. God seën jou, seun. Dis reg, kom reguit vorentoe. God seën jou. Dis reg, jongman. God seën jou daaragter. Jy vra Almagtige God.

76 Ons Hemelse Vader, nou het U hulle gesien. U weet daar is twintig of dertig hande wat opgegaan het, wat U wil hê as hulle verlosser. God, skenk hierdie net nou. Ek gee hulle hierdie Woord. U het gesê, Uself: "Hy wat My Woord hoor." Ek het die beste gedoen wat ek kon met Dit, Here. "Hy wat My Woord hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe, en sal nie in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan van dood na Lewe." Watter wonderlike ding, om daaraan te dink! As opregte harte agter daardie hande is, en het dit regtig bedoel, het iets so pas gebeur. U het gesê: "Hy wat My sal bely voor mense, hom sal Ek bely voor My Vader en die heilige Engele." Laat hulle weet dat U hier is, Here. Ek bid dat U dit sal skenk. Hoor ons. Ons is U diensknegte, Here. In Jesus se Naam.

77 Goed, lig op jou kop. Glo julle Hy is Jehovah-Jireh? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Glo jy dat ons is in die dae is soos dit was in die dae van Lot? ["Amen."] Die dae van Noag? ["Amen."] Onthou die laaste Boodskap?

Is daar iemand hier vir hulle eerste keer? Steek jou hand op. Vele! Ek reken Broer Borders het vir julle verduidelik. Julle het gehoor van die diens tevore, wat plaasvind. Steek julle hande op, as julle het; as jy dit nooit gesien het nie, het dit pas gehoor. Goed. Nou ek's 'n vreemdeling vir die mense hier.

78 Party van julle mense met probleme, bid tot God, en sê, "God, wees my genadig, ek is siek. Broer Branham ken my nie. Maar ek hoor dat U 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Hoeveel weet dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] "En Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Julle weet dit? ["Amen."] Wel, nou, as Hy dieselfde Hoëpriester is, hoe sou Hy optree as jy Hom aangeraak het? Dieselfde manier wat Hy gedoen het toe die vrou met die bloedvloeïng Hom aangeraak het. Hy het omgedraai en haar vertel wat haar bloedvloeïng was, en vir haar gesê haar geloof het haar gered. Is dit reg? Hy is dieselfde Een vanaand, as julle

Hom kan glo dieselfde manier wat Hy toe was. Glo julle Hom op daardie manier?

Nou kyk julle hiernatoe, na my. Soos Petrus en Johannes gesê het by die Skone Poort: "Kyk na ons." Dit was nie "kyk vir hulle" vir enigiets nie, maar, "kyk wat hulle gesê het."

79 Laat ons *hier* oorkant iewers begin. Kyk hiernatoe, en glo met jou hele hart. En sê: "Here Jesus, ek glo U, en ek wil U kleed aanraak. U praat met Broer Branham, en laat hom weet wat my probleem is. Ek sal U glo as U dit sal doen." Sal u dit doen?

Nou hier's 'n uitdaging. Hoe sou ek waag om so-iets soos dit te doen? Iets sal verkeerd wees met my om so 'n uitdaging te maak. Ek het dit uitgedaag voor 'n halfmiljoen mense, op 'n tyd, kon nie eens hulle taal praat nie. Maar Hy het my nooit in die steek gelaat nie. Waarom? Hy het dit belowe! Hierdie is die laaste dae, en Hy het dit belowe, en hier is dit.

80 Ek weet, vriende, julle het 'n klomp om julle seer te maak. Julle het 'n klomp vleeslike nabootsing. Maar laat my net een ding vir julle sê, nie vir my ontwil, maar vir jou eie voordeel. Hulle het dit altyd. Maar God het nooit twee op die aarde tegelykertyd nie, nooit gedoen nie. Maar onthou net, daar is 'n klomp nabootsings, maar daar is 'n ware God. Daar is 'n ware Heilige Gees. Daar is 'n ware Boodskap van God, en dit is dat Jesus Christus vir sondaars gesterf het, weer opgestaan het uit die dood, en teruggekeer het in die Persoon van die Heilige Gees, om dieselfde werk te doen in die Kerk wat Hy gedoen het toe Hy hier was.

81 Nou, sê die Woord van God nie so nie? In Hebreërs, het Dit gesê, die 4de hoofstuk, die Bybel het gesê dat: "Die Woord van God is skerper, kragtiger as 'n tweesnydende swaard, sny uitmekaar," dit sny beide kom en gaan: "en selfs tot die murg van die been, en 'n Onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart." Is dit reg?

Dis waarom Jesus voor die gehoor kon staan en hulle vertel. Daardie Fariseërs het gesê: "Hy's Beëlsebub." Jesus het omgedraai. Hulle het dit nie hardop uitgespreek nie, maar Hy het vir hulle gesê. Dis die rede waarom Hy die vrou kon vertel het van haar bloedvloeïng. Sê vir die vrou sy het die mans gehad; en toe sy dit gedoen het, toe sê Hy. "Wel, dis die teken van die Messias."

Sien julle nou die terugkeer, die verskyning van die Messias onder die mense. Dis die Heilige Gees wat die Kerk gereed kry.

82 Ek wil hê jy moet jou kop draai. Sien daardie vroutjie wat daar uitreik, staan op, wat net hier sit? Sien daardie Lig oor haar? Sy ly aan hoë bloeddruk. Dis reg. Het 'n blou rok aan, soort van 'n bril dra oor haar gesig. Vir die laaste sekond, of twee, het sy 'n baie vreemde warm gevoel om haar gehad. Dis reg. Nou jou hoë bloeddruk, wat jou so erg gepla het, het jou verlaat. Aanvaar jy dit? Steek jou hand op as jy dit doen.

Wat het sy aangeraak? Die Hoëpriester. Nou gaan, vra die dame. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Ek weet nie een ding van die vrou nie; maar, dis waar. Ek het na daardie Lig gekyk soos Dit oor die gehoor beweeg het, reguit oorgegaan en teruggekom, 'n gloeinde Lig.

83 Glo julle? Artritis, blaasprobleem, komplikasies, senuweeagtig, swakheid. Dis reg. Jy's nie hier vandaan nie. 'n Plekkie genaamd West Point. Dis reg. Glo jy God kan my sê wie jy is? Mej. Hardwick. Dis reg. As dit reg is, staan op jou voete. Dit het jou verlaat. Jesus Christus maak jou gesond.

Glo julle? [Gemeente sê: "Ja." — Red.] Die mense is aan die terugkyk, daarvoor. Hier sit die dame net hier. Kyk, daardie Lig bly steeds oor haar. Sien julle nie Dit nie? Hier is Dit. Kyk.

Daar is Dit, met daardie man wat net daar sit en na my kyk. Artritis. Glo met sy hele hart, God sal jou ook gesond maak, meneer. Ons is vreemdelinge vir mekaar, maar nie vir God nie.

84 Hierdie dame reg hieragter, ly aan hoofpyn. God, moenie dat sy dit mis nie. O God, asseblief. Mej. Morton, glo die Here Jesus Christus. Hy het jou genees van daardie hoofpyn. Sien, Hy wou haar nie laat verbygaan nie. Ek wil julle iets vra. Gisteraand toe ek in die gebou met iemand gepraat het oor hulle hoofpyn, het jy het 'n baie snaakse gevoel gehad, en jy het gewonder of dit jy was, of nie. Is dit nie reg nie? Steek jou hand op. Ek lees nie jou gedagtes nie, maar ek sê vir jou wat jy gedink het. Dis reg. Vandag

wou Hy seker wees dat dit jy was. Dit sal jou nou verlaat, jou geloof het jou gered. Halleluja.

85 Kyk na hierdie dame wat hier sit, het 'n geruite rok aan. Het jy 'n gebedskaart, dame? Kyk na jou eie. Glo jy die breuk sal jou verlaat, jy sal gesond gemaak word? Jy glo? Steek jou hand op as dit is wat met jou verkeerd is. Goed. Glo met jou hele hart en word genees. Sien wat's vir my?

Die dame reg agter haar, het haar hand opgesteek, met 'n klein … nee, tweede van agter, met 'n klein groenerige rok aan, wat aan hartprobleme ly. Ja. Glo jy dat God jou sal gesond maak? Dis goed, netjies. Hy sal as jy dit net sal glo.

'n Dame, tweede een oorkant jou, Mev. Dillman daar. As jy glo dat God jou sal genees van daardie maagprobleem. Mev. Dillman, glo, en jy sal genesing ontvang vir jou maag. Dis 'n senuweeagtige maag. Jy het dit al vir 'n lang tyd, van dat menopouse begin het was dit so. Jy het baie dinge gehad wat jou probleme gegee het, maar dis nou alles verby. As daardie dinge waar is, wuif net jou hand na die mense, sodat hulle kan sien. As ek vreemd is vir jou, hou aan wuif met jou hand. Jesus Christus maak jou gesond.

86 Glo julle? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Wat is dit? Jehovah-Jireh, die Here voorsien vir Homself 'n Offerhande! Nou word die hele gehoor soort van 'n waas voor my. Jehovah-Jireh het vir elkeen van julle 'n Offerhande voorsien. Glo julle dit?

Nou julle hier wat julle hand opgesteek het, kom hierheen en staan hier vir 'n oomblik. Sal jy dit doen? Jehovah-Jireh het 'n Offerhande voorsien. Jy het jou hand opgesteek, dat jy dit glo. Julle het hier gesien, en weet. Onmoontlik … Dis Iets! Kyk na hierdie mense, hoeveel is geroep. Ek weet nou nie. Miskien sewe, agt of tien, wat dit ook al was, wat geroep was. Dit kon net bly voortgaan. Maar terwyl ek nog krag het, wil ek hê jy moet kom, aanvaar Christus as jou Verlosser. Sal jy nou opstaan en kom, terwyl ons sing, "Ek kom, Here, kom nou na U toe"? Sal julle nou opstaan en hiernatoe kom, julle wat julle hand 'n rukkie gelede opgesteek het. En staan hier rondom die altaar, en wys dat jy nie skaam is vir Christus nie. Julle is in Sy Teenwoordigheid. Kom nou, en bewys aan die mense dat jy dit regtig bedoel het, dat jy wil hê God moet jou onthou, en dat jy Hom aanvaar het as jou Verlosser. Kom nou nader, terwyl ons almal staan en sing.

Ek kom, Here!
Kom nou na U toe!
Was my, en reinig my in die Bloed
Wat gevloei het uit Gólgota!

Kom nou reg uit, kom hierheen. Ons gaan bid. Jy sal nooit nader aan Hom wees wanneer jy weggaan nie.

Kom nou na U toe!
Was my, reinig my!

87 Kom reg af van die balkon. Dis reg. Kom reg af, staan net hier. Wees 'n … Nou, Hy het gesê, "As julle My sal bely voor mense, sal Ek hom bely voor my Vader. Maar as julle skaam is vir My, sal Ek My ook vir julle skaam," onthou, die Bybel, vanaf Génesis oor na Openbaring. Kom nou, jonk en oud. Sal jy kom? Kerklidmaat, of nie, kom nou. Sal julle? Aanvaar Christus terwyl jy in Sy Teenwoordigheid is.

Ek kom, Here!
Kom nou na U toe!
Was my, reinig my deur die Bloed
Wat van Golgota uitgevloei het!

Gaan net voort, en sing. [Broer Branham begin neurie: "Ek kom Here".]

88 Luister. Glo jy ek is Sy profeet? Ek het dit nog nooit voorheen bely nie. Ek glo ek staan met mense wat verstaan en weet wat ek probeer om by jou tuis te bring. Daar is mense hier, wat Christelikheid bely, wat *hier* behoort te wees. Sal julle nie kom nie? Laat ek jou vra, hoe gaan jy ooit? Jy sal nooit 'n ander teken ontvang nie. Hierdie is Dit. SO SPREEK DIE HERE. Sou 'n profeet van God so 'n stelling maak, as dit nie waar is nie? Julle ontvang julle grootste teken, en julle laaste teken, voor die verskyning van Christus. Kom! Die rede waarom ek hierdie dinge sê, ek het dit nooit in enige ander diens gesê nie, ek voel dat reg hier die geleentheid is vir iets om te gebeur. Dis waarom

ek dit op hierdie manier sê. Ek glo julle verstaan. Jy sou nie rondgaan, en een of ander soort kultus maak, sê, "Broer Branham is 'n god," of iets soos dit nie. Verstaan julle waarvan ek praat. Kom nou. Kom. Laat ek jou oortuig, in die Naam van Christus. Kom!

89 Julle wat nie weet waar jy staan nie, jy's nie seker daarvan nie, net 'n intellektuele, of een of ander soort emosionele; jy het uitgeroep, jy het gehuil, of jy—jy het 'n soort van 'n sensasie gehad. Moenie jy probeer om daar te kom op Dit nie. Onthou, ek sê vir julle in die Naam van die Here, dat jy verlore is, klaaglik verlore, en weet dit nie. Moenie 'n kans neem nie, vriend. Ek saai net saad, en trek die net in. God neem die toename. Ek weet nie.

Laat ons ons hoofde buig, kyk of Hy my nie sal sê nie. ['n Suster praat in tale, en gee dan die interpretasie — Red.] Hoor julle dit.

Kom nou na U! (Deursoek jou eie hart)
Was my, reinig my in die …

90 Kerklidmaat. As ek daar gestaan het, en het slegs net 'n ondervinding gehad van kerk-aansluit …?… sou ek my gehaas het om vorentoe te kom.

Onthou, die Gees getuig dat ons aan die einde is. Wetenskap het gesê, "Dis drie minute voor middernag." Die Boodskap en die Bybel sê, "Hier is dit, die laaste ding!" Die herlewing is aan die einde. Die deur is besig om toe te maak. Jy sal aan die buitekant wees, klop, en nie kan inkom nie. Kom!

God seën jou, jongdame. Nou, het julle dit gesien?

Ek kom, Here!
Kom nou …

God seën jou. Dis reg, meneer. Dis reg, kom reguit af van die balkon af. Kom deur die rye.

91 Hier's die Woord, hier's die bewys. Daar's die Gees, daar's die getuie. En hier kom die mense, om te wys dat ons hier in die endtyd is.

Ek kom, Here!
Kom nou na U toe!
Was my reinig my in die Bloed
Wat vloei van Gólgota.
Ek kom, Here!

Wag, roep party om in te kom. "Nie gewillig dat enige een moet vergaan nie; dat almal tot bekering mag kom." "Kom," gesê: "na My."

As jy 'n twyfel in jou gemoed het. Moet seker wees, vriende. Geloof is volmaak.

… van Gólgota!
… Here!
Nou kom om …

Sommige, vyftig tot vyf-en- sewentig mense saam vergader. Nou kom. Laat die res wat moet kom. Hou nou net 'n bietjie langer. Want, môre gaan oor Goddelike genesing wees. Die Heilige Gees het met my gepraat, 'n rukkie gelede, "Moenie daardie lyn roep nie. Roep die altaar." Ek sal Hom gehoorsaam en doen soos Hy my vertel. Ek weet beter as om dit nie te doen nie.

Kom nou na U!
Was my, reinig my in die Bloed
Wat gevloei het uit Gólgota.

Met ons hoofde nou gebuig, soos ons wag.

92 O God, laat die Heilige Gees in beweeg op hierdie. Diegene wat in die voorkant van die altaar wil kom, lei die mense nou vir die seëning. En—en mag die Here God dit skenk. Gees van God, wat praat.

Beweeg in, beweeg in. Kom nou nader, almal. "Elke siel vol sondelas, daar's genade by die Here." Kom nou. "Kom onder die reiniging vloed, al hulle skuldvlekke verloor. Daar is 'n Fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmanuel se are." Eerbiediglik.

93 Voel die vrede oor die diens nou? Wat is dit? Dis dood, die dood vir sondaars. Nou persoonlike werkers beweeg in, rondom met hulle nou. Dis dood, hierdie mense is

sterwend. Bybels is uit, hulle verduidelik. Dood is aan die gang rondom die altaar, en nuwe Lewe sal kom na die dood.

Daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
Getrek uit …

O, hoe sal jy dit nie wil hoor eendag, die dag wanneer jou pols ophou om te klop!
En sondaars dompel onder daardie vloed,
Verloor elke sondevlek.
Verloor elke sondevlek,

Dis dit, jong kêrel. Seën jou hart. Dis wat Hy voor gewag het.
En sondaars dompel onder daardie vloed,
Verloor elke sondevlek.

94 Nou laat die Christene wat onderrig is, opbeweeg terwyl ons die volgende vers sing. "Die moord'naar aan die kruis was bly Oor daardie heilfontein, En daar word ek ook, net soos hy, Van al my sonde rein." Laat die mense wat onderrig gee nou nader beweeg. Julle wat nie die doping van die Heilige Gees het nie, beweeg nou nader. Jy weet nie wat God nou mag doen in 'n oomblik nie. Beweeg nou vorentoe, terwyl ons die volgende vers sing.

Die moord'naar aan die kruis was bly … (die Woord gemanifesteer)
Daardie heilfontein;

O, dis goed, beweeg nou reg uit. Kom terwyl die Water troebel is
… ek, en vuil soos hy,
Van al my sonde rein.
Van al my sonde rein,
Van al my sonde rein;

Dis dit, werkers. Kom reguit in. Al daardie stap nou op vir die roering van die Water. Kom reguit op
… smet soos hy,
Van al my sonde rein.

95 Nou julle wat wil bid, beweeg nou nader en maak gereed. Ons gaan glo dat God dit gaan doen, erken dit. Hy moet! Die einste God wat die gedagtes van die hart kan onderskei! Onthou, Jesus het dit net eenkeer in die stad gedoen. Maar Hy het gesê: "Meer as hierdie sal julle, doen." Sien, het Sy Skrif reg bewys! Beweeg nou in. Laat ons nou almal bid vir hierdie mense wat hier is. Elke persoon wat weet hoe om te bid. Hoeveel wedergebore Christene is in die gebou? Steek jou hand op. Nou laat ons almal ons hande opsteek en dank bring vir hierdie mense.

96 Ons Hemelse Vader, ons offer danksegging aan U vir hierdie mense. Hulle is U s'n. Hulle kom, om te bely. Hulle kom om uit te sterf vir hulle self en sonde. Hulle gaan terug, nuwe skepsels in Christus.

Satan, jy het die stryd verloor! God is Jehovah-Jireh! Die Here het 'n Offerhande voorsien, 'n volk voorsien, 'n altaar oproep voorsien, die Boodskap voorsien, genade voorsien. En Satan het die stryd verloor, in die Naam van Jesus Christus het hy die stryd verloor!